

ROSSOUW FINANSIËLE DIENSTE IN HEILBRON

Dit is met groot dankbaarheid en opwinding dat Rossouw Finansiële Dienste hulle nuwe kantoor bekendstel te Breëstraat 76, Heilbron.

Ons wil net van die geleentheid gebruik maak om ons kliënte hartlik te bedank vir hul getroue ondersteuning en alle nuwe kliënte welkom heet.

Rossouw Finansiële Dienste bied jou die volle finansiële ervaring en spesialiseer in korttermynversekering, lewensversekering, boedelbeplanning, mediese fondse en beleggings.

Ons het kontrakte met onder andere die volgende maatskappye:

Korttermynversekering: Santam, Old Mutual Insure, Safire, Bryte ens.

Lewensversekering en beleggings: Momentum, Old Mutual, Liberty Life, Discovery Life en Hollard.

Mediese fondse: Momentum, Discovery Health, Medihelp en vele meer.

Kontak gerus vir GP Rossouw by 082 319 9472, vir kwotasies of verdere navrae.

Rossouw Finansiële Dienste BK, FSP 46212, is 'n geregistreerde finansiële diensverskaffer.



Dis met groot hartseer dat ons steeds meer vullis- en bourommelhope sien ontstaan in ons mooi dorp wat gevolglik vuil en onaantreklik word. Die geboue en geriewe by ons damterrein is grootliks afgebreek en disfunksioneel, bome word op baie plekke afgesaag of verniel, ens. Vullissakke word na die spruit by die ingang van die Vegkop woonbuurt en na feitlik elke ander parkie of oop area gesleep, uitgekrap op soek na enigets bruikbaar (of selfs eetbaars?) en al die ander huisvullis word net so gelos. Die middelmannetjie en sypaadjies in Langmarkstraat en ander strate is oortrek met bossies en die algehele beeld van die dorp is baie slordig. Kom ons vat hande en probeer ons dorp weer netjies maak. As almal saamwerk en 'n bydrae maak sal dit 'n groot verskil maak. Probeer ten minste u eie sypaadjie en die direkte omgewing van u woonplek netjies hou. Die Here verwag dat ons sy pragtige skepping moet waardeer en oppas. As u dit nie vir uself wil doen nie, doen dit dan vir Hom!

Inwoners word vriendelik gevra om nie bourommel op oop terreine te stort en net daar te los nie. Reël asseblief dat dit so gou moontlik op u eie koste verwyder word. Verder moet u asseblief probeer om nie asblikasakke te vroeg uit te sit nie sodat mense dit kom wegsleep en uitkrap voor dit deur die munisipaliteit

opgelaa word nie. Ongelukkig is die vullisverwyderingsdiens van die munisipaliteit nie baie betroubaar nie en bly die sakke en ander rommel soms dae lank by die pad staan, wat die situasie natuurlik vererger. Ons wil graag voorstel dat as die vullis nie op die bestemde dag opgelaa word nie, u dit weer binnekant u erf / agter die hek sal plaas en dit nie oornag by die pad sal laat staan nie. Ons het Maandag 80 swart sakke met vullis in die spruit vanaf die brug in Fronemanstraat laat optel. Die munisipaliteit het onderneem om die sakke weg te ry en ons is dankbaar dat dit intussen gedoen is. Asseblief mense, werk saam om ons dorp netjies te hou (al het ons nie self die gemors veroorsaak nie), sodat ons weer trots kan wees op ons dorp met sy vriendelike mense. Kom ons staan saam soos met die suksesvolle teerprojek (wat ongelukkig tydelik tot stilstand gekom het as gevolg van die Covid-19 inperking).

Baie dankie

Jan en Gerda Floor

